# JvR ALUMNI

HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK

– OUD-LEERLING VERENIGING –

*Beter vriendskap, netwerk en gemeenskap.*

1 April 2022

Goeiedag alma mater,

Hartlike welkom by die JvR Alumni Vereniging.

Ons is sedert 15 Maart 2016 weer aan die gang nadat die vorige Oudleerlingbond (OLB) tot niet gegaan het.

Dit is altyd 'n baie lekker gevoel vir my om "nuwe" oud-skoliere van JvR raak te loop en saam trots te wees oor die lekker tienerjare wat ons saam op skool kon wees in die mooiste stad in die wêreld.

Behalwe jou eie jaar se reünie wil ons jou ook nooi na die jaarlikse gesamentlike reünie. Hierdie jaar is dit op 7 Mei op die Tamboerskloof sportvelde en ons wag vir jou by die biertent. Ek hoop jy kry die brief voor dan en dat jy sal kan bywoon. Maar as dit te laat is, onthou ons gaan dit elke jaar doen.

Die JvR Alumni het drie hoofdoelwitte: Gemeenskap, Fondsinsameling & Skenkingsfonds. Kyk gerus na ons visie opsomming by hierdie skakel om meer te sien daaroor.

**Ons nooi almal uit om deel van "Trots JvR Alumni" te raak.** Dit is 'n **o**psionele netwerk en ondersteuningsklub vir die JvR Alumni Vereniging. Jaarlikse ledegeld is slegs R600. Jou lidmaatkap word dadelik ge-aktiveer op ontvangs van jou betaling wat jy maklik kan doen in ons aanlyn **winkel**.

Volg gerus die skool en alumni se aktiwiteite op Facebook en Instagram by hierdie skakels: Facebook, Instagram

Vir meer inligting en om jou waardevolle idees oor te dra rakende hoe ons die JvR Alumni Vereniging kan uitbrei ten bate van die skool, die gemeenskap en sy oudleerlinge skakel asb. direk met my of Helena.

Vriendelike groete,

**Rian Maartens** (Matriek 1982)
Voorsitter
JvR Alumni Vereniging
*Trotse oudleerlinge van Hoërskool Jan van Riebeeck*

*E-pos: rian@ipicgroup.com, Selfoon: 083 275 2488*
***Helena le Roux** (Sekretaris): E-pos: jvralumni@gmail.com, Selfoon: 082 461 9753*